# GEMEENTEBULLETIN

**1 OKTOBER 2021**

## EREDIENSTE

**SONDAG 3 OKTOBER**

Die oggenddiens word in die kerk aangebied en 750 persone word tot die erediens toegelaat. **Geen besprekings is nodig nie**. Kyk aanlyn deur www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal.

**SKRIFGEDEELTE EN TEMA VIR DIE OGGENDDIENS**

**Filippense 2: 5-11**

**Oggenddiens 08:30 in die kerk en aanlyn |** Ds. Duvenhage (Span 3)
Die meditatiewe diens, familie- en Relevantdiens sal op 17 Oktober, na die skoolvakansie, hervat. Junior en senior kategese hervat ook op Sondag 17 Oktober 2021.

## BUITELUG-FEESDIENS | 31 OKTOBER 2021

Ons nooi alle lidmate om die buitelug-feesdiens ter viering van die gemeente se vyftigste bestaansjaar op Sondag 31 Oktober om 08:30 by te woon. Daar sal nie 'n familie- of meditatiewe diens op dié Sondag wees nie.

Oudleraars sal gedeeltelik verantwoordelik vir die aanbieding van die program wees. Lidmate wat sedert 1971-1972 lidmate van die gemeente was en steeds hier woon, word in besonder na die erediens uitgenooi.

Genoeg stoele sal uitgepak word en geen besprekings is nodig nie.
Na afloop van die erediens sal ons saam tee en 'n soetigheid geniet.

Kinders word uitgenooi om aan die plasing van 'n tydkapsule in die kerkmuur deel te neem.


KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**NUWE LERAAR IS BEROEP**

Ds. Johan Visser, tans leraar by die Woodlands Hill Gemeenskapskerk, Bloemfontein, is beroep as nuwe leraar van die gemeente. Hy sal vanaf 1 Februarie 2022 in die gemeente werksaam wees.

**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## GEBEDSBYEENKOMS VIR COVID-19

'n Spesiale gebedsgeleentheid vir die Covid-19-pandemie word vir Dinsdag 12 Oktober vanaf 18:00 tot 20:00 in die kapel beplan. Teken die datum asseblief in jou dagboek aan. Almal is welkom.

## DAGSTUKKE EN BULLETIN OP SELFOON

**Luister na die daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon** deur 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+stemboodskap* na 081 045 2428 te stuur. **Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon deur** 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428 te stuur.

## BYBELSKOOLKURSUS | AANLYN

**'n Geloof wat groei | 5 Sessies deur ds. Breytenbach**

In die derde kwartaal word gefokus op Koninkrykstyd en 'n groeifase in die kerkjaar. In die lig hiervan bied die Bybelskool 'n reeks van vyf sessies aan wat aan geloofsgroei aandag skenk. Die sessies asook handleidings is nou almal aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 4 Oktober om 09:30 in die markplein bymekaar. Bring jou breiwerk saam. Enige navrae kan aan Ria McMicken gerig word by 083 519 0602.

## EREDIENSWERKERS

Daar bestaan 'n dringende tekort aan eredienswerkers by al die eredienste, maar veral die familiediens. Diensbeurte word geroteer en indien jy betrokke raak, sal jy ongeveer een keer per maand aan diens wees. Die familiediens word slegs tydens skoolkwartale aangebied en by dié diens kan die hele gesin (ouers en kinders) as eredienswerkers optree. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za indien jy kan help.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### CHRISMAR VILLAS

Christmar Villas het tans plek in hul verswakteafdeling beskikbaar. Kontak mev. Van der Westhuizen by 021 910 1250 met enige navrae.

## FEESMARK | 18 OKTOBER TOT 6 NOVEMBER

Inperkingsmaatreëls moet in ag geneem word met die aanbieding van die feesmark, maar met aanpassings wat in die uitleg van die feesmark gemaak is, kan daar vanjaar 270 uitstallers teenoor die 180 uitstallers van verlede jaar geakkommodeer word.

Wat moet jy weet?

- Die restaurant, wat in die verlede in die markplein was, word deur vier kostrokke op die perseel vervang. Genoeg tafels en sitplekke sal onder tentafdakke ingeruim word, sodat besoekers hul etes gerieflik kan geniet. Pizzas, vis-en-skyfies, calamari, pannekoeke, hamburgers, worsbroodjies en nog 'n paar ander interessante etes sal op die kostrokke se spyskaarte wees.
- Die saalgedeelte en voorportaal van die kerk gaan ook as uitstal-ruimtes benut word. Lidmate sal dus op 17 en 24 Oktober die kerk vanaf die noordelike syingang (langs die kapel) betree om die oggend-, familie- en Relevantdienste by te woon. Eredienste word dan slegs in die kerkgedeelte van die gebou aangebied.
- Kategese sal buite onder tentafdakke aangebied word.
- 'n Tonnel, saamgestel uit tente, sal die kerk- met die saalkompleks verbind.
- Die ingang van die mark verskuif na die voorportaal van die kerk. Klante beweeg dan deur die saalgedeelte van die kerk en deur die tentetonnel tot in die markplein. Vanaf die markplein beweeg klante deur die grootsaal en kleinsaal en verlaat die mark by die uitgang langs die ou kafeteria.
- Die feesmark word vanjaar met een dag verleng.
- Krediet-, debiet en Kaapse Verbruikerskaarte word aanvaar.
- Volg die feesmarkblad op Facebook om 'n voorsmakie van produkte te kry.

Ons het groot waardering vir lidmate se verdraagsaamheid rakende veranderinge op die kerkterrein. Die feesmark het die gemeente oor die jare heen in staat gestel om 'n derde van ons gemeente-inkomste na buite aan te wend en sodoende ook ons roeping uit te leef.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 7 Oktober om 14:30.

Jeremia 5: Israel het die Here vergeet

### HUISDIENS

Sondag 10 Oktober om 18:00.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE DEUR LERAARS

Luister na die daaglikse stem-boodskappe, voorberei deur gemeenteleraars op www.stellenberg.co.za of op jou selfoon. Om die boodskappe daagliks op jou selfoon te ontvang, stuur 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou naam+van+boodskap na 081 045 2428.

## VOEDSELNOOD IS STEEDS GROOT

- **BYDRAES VIR DIE KOSPROJEK** Niebederfbare kositems kan by die kerkkantoor afgegee word. Die verpakking van kospakkies word op 27 Oktober gedoen.
- **HANDE EN RANDE** is die gemeente se voedselvoorsienings-program. Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak om voedselnood te verlig, kan jy dit elektronies oorbetaal na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Verwysing: Hande en Rande. Bydraes kan ook by die kerkkantoor inbetaal word.
- **SOP** word aan verskeie sopkombuise in die Skiereiland voorsien. Minstens 250 liter sop word weekliks by sopkombuise in Ravensmead, Wesbank en Khayelitsha aan kinders uitgedeel. Enige iemand wat bereid is om sop te kook en dit in bevrore formaat Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 15:00 by die saalkompleks of kerkkantoor af te gee, se hulp sal waardeer word. Lewer gerus jou bydraes soos dit jou pas. Rig navrae aan Anéne Nortier by 083 581 6930.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer Is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.